Laerskool Eligwa

Spesiale nuusbrief van die beheerliggaam na ouers – Betaling van skoolgeld

Daar bestaan tans baie onsekerheid binne die onderwyssektor. Ons weet nie wanneer die skole gaan heropen nie, ons weet nie hoe verlore tyd ingehaal gaan word nie, ons weet nie wat die datums van die volgende kwartale gaan wees nie, ens. Ons weet wel dat die res van 2020 ŉ ontwrigte skooljaar gaan wees, ouers en besighede geldelike verliese gaan lei en bes moontlik gaan sukkel om skool- en koshuisgelde te kan betaal. Ons weet ook dat baie sport-, kultuur-, sosiale- en fondsinsamelingsaktiwiteite uit- of afgestel is.

Ten einde te verseker dat LAERSKOOL ELIGWA se kernbesigheid, **wat die voorsiening van gehalte-onderrig aan elke leerder is**, kan voortgaan moet die beheerliggaam verseker dat die volgende rekeninge betaal word:

1. Ons skool se personeel wat die hartklop van die skool is. ŉ Goeie opvoeder is die grootste bate in onderwys en ons het ŉ plig in terme van die arbeidswetgewing om alles moontlik te doen om poste te behou en die personeel te betaal.
2. Die aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of uitrusting vir die skool;
3. Betaling vir dienste aan die skool.

ŉ Reuse 75% van ons inkomste bestaan uit skoolgeld wat bogenoemde uitgawes moet dek en doen ons derhalwe ŉ ernstige beroep op ouers om steeds skoolgeld te betaal. Die betaling van skoolgeld is ŉ statutêre plig wat die leerder se ouers kragtens die bepalings van artikel 40(1) van die Skolewet moet nakom.

Die beheerliggaam van LAERSKOOL ELIGWA het belangrike besluite geneem oor hoe die bates die beste aangewend kan word om seker te maak dat die skool se kernbesigheid met sukses voortgesit kan word. Ons gee graag die volgende opsies vir ouers vir die betaling van skoolgeld:

1) Aangesien skoolgeld statutêr is, is elke biologiese ouer geregtig om aansoek te doen vir die vrystelling van skoolgeld in terme van die Nasionale Regulasies in die verband. Sommige ouers het reeds aansoek gedoen welke uitslag reeds aan ouers gekommunikeer is. Indien u nog nie u terugvoer ontvang het nie, kan u ʼn e-pos stuur na lanaswart1976@gmail.com .

2) Indien ʼn ouer se finansiële posisie tydens die tyd van inperking verander of verswak het, (ook ouers wat reeds aansoek gedoen het vir vrystelling) kan ‘n aansoek vir vrystelling per e-pos versoek word by lanaswart1976@gmail.com**. Met ontvangs van die voltooide aansoekvorm, per e-pos, sal die ouer tydelike uitstel op skoolgeld ontvang vir die tydperk van inperking en totdat die beheerliggaam ʼn besluit ooreenkomstig die Regulasies kon neem.** Ouers bly verantwoordelik vir die maandelikse betaling van skoolgeld totdat die voltooide aansoekvorm ontvang is. Die aansoeke sal dan 7 dae na die einde van die inperkingstydperk sluit, waarna ouers dan die nodige dokumente moet ingee soos deur die SBL versoek. Beide biologiese ouers bly verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld en vrystelling sal bereken word op die totale bruto inkomste vir 2020 van beide biologiese ouers. Die normale voorwaardes ten opsigte van die aansoek om vrystelling van skoolgeld sal steeds geld.

3) Alle volledige aansoeke vir vrystelling wat 7 dae na die einde van die tydperk van inperking ontvang is, sal so gou moontlik verwerk word en terugvoer aan ouers gegee word. Sou vrystelling toegestaan word of al dan nie, sal die balans van die skoolgeld, na vrystelling, in die oorblywende maande tot Desember betaalbaar wees. Ouers wat dus steeds kan bekostig om skoolgeld te betaal of ʼn gedeelte te betaal word aangeraai om steeds betalings te maak, sodat die las vir die oorblywende maande nie te groot word nie. Sou ʼn ouer hul debietorderbedrag dus wil verlaag, moet u per e-pos voor 4 Mei 2020 by eligwa@mweb.co.za aansoek doen.

4) Indien ouers weet dat hul wel die skoolgeld vir 2020 sal kan vereffen, maar ʼn maand of meer (maksimum van 3 maande) uitstel versoek, kan ʼn e-pos aan die volgende adres eligwa@mweb.co.za gestuur word met die onderneming op skrif, sodat dit op die sisteem aangeteken kan word. Ouers moet op skrif aandui die datum en bedrag van skoolgeld wat betaal kan word sodat die uitstaande balans teen 1 Desember vereffen sal wees. Rekeningstate sal op 7 Mei 2020 per e-pos gestuur word. Indien ʼn ouer nie ʼn staat per e-pos ontvang nie, versoek asb. ʼn staat per e-pos by eligwa@mweb.co.za .

5) Rekeninge wat teen 31 Maart agterstallig was (dus voor die staat van inperking) en geen skriftelike onderneming ontvang is nie, of die huidige skriftelike onderneming nie nagekom is nie, sal op 1 Mei aan oorhandig word vir invordering. Ons wil ouers egter nog ’n kans bied om reëlings met die skool te tref deur voor 30 April met Elize van Wyk per epos kontak te maak.

Vir enige navrae kontak vir Elize van Wyk per epos by eligwa@mweb.co.za .

As Laerskool Eligwa skoolgemeenskap moet ons steeds alles moontlik doen om seker te maak dat onderrig kan voortgaan – opvoeders, ouers en leerders. Ons is ’n span wat moet seker maak dat ons steed’s opgewonde bly oor onderwys – ons is dit aan ons kinders verskuldig. Die beheerliggaam wens elke ouer en leerder baie sterkte toe in hierdie tyd.

Beheerliggaam groete